

Die Drakensberger: Gerat vir volhoubaarheid

Deur Izak Hofmeyr

Daar is 'n groeiende bewustheid dat drastiese aanpassings gemaak moet word om volhoubaar te boer, maar hoe verseker jy dat jou boerdery oor tien jaar net so produktief of beter sal wees as vandag?

Met dié inslag het *Veeplaas* (VP) 'n paar Drakensbergerboere gevra wat hul benadering tot volhoubare veeboerdery is. Rodney Neuman van Vrede, Willie Landman van Black Hills Drakensbergerstoet tussen Potchefstroom en Parys en Danie Slabbert van Reitz het aan die bespreking deelgeneem.

VP: Watter eienskappe van die Drakensberger is belangrik vir 'n volhoubare boerdery?

Rodney: Die Drakensberger is 'n medium-raambees wat uitstekend aangepas is in die koue Oos-Vrystaat. Drakensbergers is *easy-care* beeste wat oor jare geslyp is tot beeste sonder fieterjasies en probleme.

Willie: Ons teelbeleid is om hoogs vrugbare diere te teel wat ekonomies in 'n ekstensiewe

produksiestelsel funksioneer. Die Drakensberger is natuurlik gehard en aangepas om in die uitdagende Suid-Afrikaanse omgewing te reproduseer en te produseer.

'n Aangepaste dier vereis minder insette en beïnvloed die omgewing minimaal. Drakensbergers kan met min insette 'n gesonde, aanvaarbare kalf vir die voerkraal of vir veldafroning produseer. Wat rand per kilogram gespeen betref, is daar min koeie wat die Drakensberger klop.

Danie: Die belangrikste eienskappe vir my is loopvermoë en sterk hoewe, weerstand teen parasiete, hitte- en koueverdraagsaamheid, 'n gladde, blink vel in die somer en langer hare in die winter, lang sterte en 'n vel wat vibreer om parasiete weg te hou, en uitstekende moedereienskappe. Drakensbergers is goeie veldbeeste met doeltreffende rumenkapasiteit en is goed aangepas op suurveld.

VP: Hoe belangrik is aanpasbaarheid vir langtermynvolhoubaarheid?



Die Drakensberger is uitstekend aangepas vir die suurveld van die Oostelike Hoëveld.

Rodney: Prof Jan Bonsma het gesê die eerste vereiste vir suksesvolle vleisbeesboerdery is aangepaste diere. Daarna kom vrugbaarheid en ander eienskappe. As herkouers, moet beeste ten volle ontwikkelde grootpense hê om op veld en ruvoer te kan aanpas. Dit is die hoofrede waarom ek al my bulle deur 'n veldtoets sit. Ek gebruik die bulle wat slaag vir een dekseisoen en verkoop hulle dan op drie jaar. Só teel ek 'n kudde wat aangepas is op die suurveld van die Oostelike Hoëveld.

Willie: 'n Aangepaste dier gebruik minder hulpbronne. Ons dip byvoorbeeld baie selektief en het hierdie seisoen net eenkeer in die lente en weer in die herfs kolbehandeling vir bosluise toegepas. Ons sien 'n wesenlike verbetering in veldinsekte en veral miskruiers het beduidend toegeneem.

Danie: Dit is belangrik dat die beeste in jou omgewing aanpas, maar ewe belangrik is dat hulle ook by jou bestuurstelsel en voervloei aanpas.

VP: Watter weidingstelsel gebruik jy en wat is die effek oor tyd ten opsigte van herlewingslandbou?

Rodney: Ek volg 'n eenvoudige weidingstelsel gebaseer op kort weiperiodes en lang rusperiodes. Waar ons op suurveld in die berge boer is daar nie 'n resepte nie en aspekte soos belading en weiperiodes verskil van plaas tot plaas. Ek probeer herlewingslandbou sover as prakties moontlik, in my boerdery toepas.

Willie: Ons volg 'n weidingstelsel waar 50% van die plaas vir 'n hele groeiseisoen rus, terwyl die res beweï word. Dit gee die gras in die ruskampe die geleentheid om volledig uit te groei, saad te maak en reserwes



Rodney Neuman.



Willie Landman.



Danie Slabbert.

in hul wortels te stoor. In die winter word hierdie kampe dan deeglik bewei.

Ons stelsel was aanvanklik gebaseer op een derde rus en twee derdes bewei. Ons het egter verlede somer die weidingstelsel verfyn met die hulp van 'n kundige. Elke kamp is geëvalueer vir grasspesies, hoeveelheid en weivermoë, en die grasse is geklassifiseer volgens weidingswaarde. Só het ons die drakrag van elke kamp bepaal om die weiding te verbeter en meer vee op dieselfde grond aan te hou.

Danie: Ek gebruik ultrahoëdrukstrookbeweiding (UHDSB) op natuurlike veld, multispesie-dekgewasse en oesreste. Diere wei vir 'n kort tyd met 'n hoë veelading op 'n spesifieke plek. Dan rus die area vir tien tot 14 maande, afhangend van die rotasie.

Dit is belangrik om 'n goeie voervloeiplan te hê. My beperking is dat ek min natuurlike weiding het. Ek wil graag al die voordele wat die diere op die grondlewe het optimaal benut – mis, urine, hoefaksie, speeksel en so meer. My diere is van November tot April op natuurlike veld en van Mei tot Augustus op oesreste. September tot Oktober is hulle op multispesie-dekgewasse.

Volgens my is UHDSB die mees volhoubare stelsel. As ons met selektiewe laedrukstelsels aangaan moet ons besef dat plase al hoe groter gaan moet word en produsente al hoe minder. Die effek wat UHDSB in 'n baie kort tyd op die veld se diversiteit en produksie het, is werklik ongelooflik.

VP: Is raamgrootte belangrik in jou stelsel?

Rodney: Ek het 'n eenvoudige beleid: As die klem op vrugbaarheid val, pas dan die raamgrootte self by jou omgewing aan. As 'n koei 'n té groot raam het, kalf sy nie elke jaar nie en word sy uitgeskot. Indien sy wel elke jaar kalf, beskou ek haar as aangepas en bly sy in die kudde.

Willie: Ons het net een dekseisoen van 90 dae vir koeie en 60 dae vir verse. Diere wat nie dragtig raak nie word uitgeskot. As 'n koei die vermoë het om vir haarself, die kalf langs haar en die ongebore kalf binne haar te sorg, gee ek nie te veel om oor die raam nie. Dit is egter duidelik dat 'n sekere grootte dier dit makliker doen as ander. By ons is dit die korter-op-die-been, meer kompakte bees wat maklik loop en 'n groot rumen het wat baie veldgras kan stoor vir herkou.

Danie: Raamgrootte is definitief baie belangrik. 'n Dier met 'n kleiner raam het 'n onregverdigde voordeel met relatiewe inname teenoor 'n grootraamdier. Jou omgewing en weimetode sal oor tyd jou raam bepaal.

VP: Wat kom eerste – veelading of reproduksie?

Rodney: Persoonlik dink ek veelading. As jou veelading nie reg is nie, kan jou diere nie ten volle aanpas nie en gaan vrugbaarheid noodwendig daaronder ly.

Willie: In ons stelsel kom reproduksie eerste. Ons probeer 'n stelsel volg wat geleidelik die veld verbeter, maar plaas groot druk op reproduksie. As dragtigheid bo 85% styg, is die druk te laag en verhoog ons die veegetalle. Die getal beeste wat ons volhoubaar kan aanhou, vermeerder stadig soos die veld verbeter.

Danie: Oor die lang termyn sal veelading altyd wen. As jy klaar op maksimum drakrag is, is kalfpersentasie sekerlik baie belangrik, maar in ons stelsel weet ons nog nie eens wat die maksimum drakrag is nie.

As jy oorgaan vanaf selektiewe laedrukbeweiding na UHDSB, moet alles verander – jou bestuur, beeste, arbeid, weiding en jou grond. Oor die kort termyn kan die verandering dalk 'n laer besetting meebring wat oor tyd weer sal stabiliseer, maar kontantvloei bly 'n realiteit en sal dus afhang van wat in die kort termyn gebeur. As 'n mens die uitdaging kan bestuur, sal die vrugte soet wees. Dit mag dalk vyf jaar neem om daar te kom, maar in volhoubaarheidsterme is dit eintlik kort. **VP**

Vir meer inligting, skakel Rodney Neuman op 082 746 8142, Willie Landman op 083 257 8511 en Danie Slabbert op 082 339 9018. Besoek ook die Drakensberger Beestelersgenootskap se webwerf by www.drakensbergers.co.za.